Sing vooraf staande: Psalm 119:39, 40 (p. 594)

39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

40 Troos my nou met u beloftes; / teëspoede druk my neer.
Laat my offers – my gebede – / U behaaglik wees, o HEER!
Of my lewe͡al in gevaar is, / of die dood my al bedreig –
'k kan u wette nie vergeet nie, / so 's my hart daartoe geneig.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 100:1, 2 (p. 494)

1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!

2 Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 119:62, 63 (p. 598)

62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar
na die heil wat U beloof het, / na u kennis wonderklaar!
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!

63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede, / u gebooie nie vergeet.

Gebed

Psalm 23:1, 2 (p. 107)

1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.

2 En is ek soos 'n skaap in doodsgevare, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

Skriflesing: Johannes 10:1-21; Jeremia 17:7-8

Kernverse: Johannes 10:3b-4

Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.
(Johannes 10:3b-4 AFR 1983)

Tema: Hoor jy nog die stem van jou Here tussen al die geraas?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, iemand het seker al vir julle ook gesê dat die Here vanoggend met hulle gepraat het, of dat die Heilige Gees vir hulle gesê het wat hulle moet doen. Ons kyk mense wat so praat soms snaaks aan, want dit klink vir ons arrogant, asof die Here nou net met hulle praat en nie met ons nie. Maar praat die Here ook met ons, kan jy nou vra. En hoe kan ek seker wees dat ek die Here se stem tussen al die geraas hoor?

Die Here ons God het elke mens en elke dier besonders geskep. Iemand wat al op ’n plaas was, sal weet hoe ’n lammetjie of ’n kalfie tussen al die geblêr van die ander skape en tussen al die gebulk van die ander beeste hulle mammas se stemme herken. Die Here het ons mense ook met hierdie fyn aanvoeling geskep. ’n Klein babatjie sal sy mamma se stem tussen baie ander mense kan uitken. Byvoorbeeld, wanneer familie bymekaar is en die babatjie raak aan die huil, kan elke ander ma of selfs ’n ouma die babatjie optel en probeer troos, maar die babatjie sal nie ophou huil nie totdat sy eie mamma hom vat. Haar stem troos hom en hy weet hy is nou veilig in die arms van die mens wat hom regtig liefhet.

Jesus het ’n beeld gebruik wat eie was aan die wêreld van daardie tyd om vir die mense te sê dat Hy regtig die goeie Herder is. Jesus is die Herder vir sy skape en Hy is ook so herken, want die hekwagter maak vir Hom oop. Die herders van daardie tyd het rondgetrek om weiding en water vir hulle skape te kry. In die aand het die herders dan hulle troppe skape gebring om in die kraal toe te maak. En in die oggend het elke herder gekom om sy skape te kry. Daar was dus in die een kraal verskillende troppe skape. Die hekwagter het elkeen van die herders wie se skape in die kraal is, geken en hy het net vir hulle die hek oopgemaak om hulle skape uit te lei.

Iemand wat nie skape in die kraal het nie, sal nie by die hek kan inkom om skape daaruit te lei nie. So iemand sal eerder op ’n ander manier in die kraal inklim en skape daaruit wegdra wat nie syne is nie. Jesus is ’n egte Herder, want Hy is deur sy Vader aangestel om die skape, wat aan sy Vader behoort, te kom lei en voed en versorg en verlos.

Ons moet nou mooi let op hoe Jesus dit sê. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. Dit gebeur vandag nog dat ’n boer wat regtig omgee vir sy vee name vir hulle gee. En wanneer hy die naam van ’n skaap of bees of vark roep dat juis daardie dier naderkom. Jesus ken dus elkeen van die mense, wat aan sy Vader behoort, op die naam. Hy roep hulle en lei hulle. Jesus sê dus dat Hy met sy mense praat.

Maar wat beteken dit vir jou en my wat in die een en twintigste eeu in Bellville woon? Hoe praat en roep die Here ons vandag, want Hy is mos nie meer hier by ons op die aarde sodat ons Hom kan sien nie? Broers, susters en kinders, Jesus praat ook van ons in hierdie Skrifgedeelte. In vers 16 sê Hy dat Hy ook **nog ander skape het, wat nie van hierdie kraal is nie**. Met hierdie kraal bedoel Jesus sy Joodse volgelinge – die Jode wat Christene geword het. Hy sê verder: **Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister**.

Met hierdie woorde maak Jesus dit duidelik dat sy evangelie nie net aan die Jode nie maar aan elke volk, taal en nasie verkondig word. En die mense wat aan die Vader behoort, sal Jesus se stem herken en Hom volg. Die Here roep en praat dus met jou en my vanuit die Bybel. En wat ’n heerlike voorreg het ons om sy stem te kan hoor en verstaan, want Hy praat in ons moedertaal met ons.

Nou kan jy vra. Maar hoe herken ons die stem wat met ons praat as die stem van Jesus ons goeie Herder. Dit is die Heilige Gees wat ons ore fyn instel en gevoelig maak om die stem van Jesus te hoor wanneer Hy ons roep en met ons praat. Die Heilige Gees stel ons in om tussen al die baie

stemme en geraas ons Here se stem te hoor, net soos wat ’n klein babatjie sy mamma se stem tussen baie ander stemme herken.

Dit beteken dat daar tussen Jesus en die mense wat aan die Vader behoort ’n baie hegte en intieme band is. Jesus ken elkeen van ons op die naam. Trouens, Hy het ons geken nog voordat ons Hom geken het. En omdat Hy en sy Vader vir jou en my baie lief is, het Jesus sy lewe vir ons afgelê. Hy het vir ons skuld aan die kruis betaal. En nadat Hy opgestaan het en opgevaar het na die hemel het Hy sy Gees aan ons gegee. Deur die Heilige Gees kom woon die Vader en die Seun in jou en my omdat Hulle in ’n baie intieme verhouding met ons wil lewe.

Dit is dus deur die inwoning van die Heilige Gees en deur aanhoudend te luister na die Here se stem as Hy met ons praat vanuit die Bybel dat ons die Here ook al beter leer ken. Van ons kant af groei daar dus ook ’n intieme verhouding met die Here. Die Heilige Gees maak ons immers gewillig en bereid om die Here meer en meer te leer ken. Wie so intiem met die Here saamleef en graag luister na die Here se stem, is soos die boom waarvan ons in Jeremia gelees het. Die boom is by water geplant en hy stoot sy wortels uit na die stroom. Iemand wat begenadig is om kind van die Here te mag wees, lees graag Bybel, doen graag Bybelstudie en soek die verkondiging van die Here se Woord ywerig op. So ’n mens kan nie genoeg kry van die vertroostende en rigtinggewende stem van die Here nie. So ’n mens weet dat die Here hom en haar op die regte pad sal lei.

Geliefdes, ons kom dus agter dat wanneer ons intiem met die Here saamleef en gretig is om die Woord van die Here in te drink soos lewende water, ons nie anders kan as om te sê die Here praat met ons nie. Ons hoef dus nie afgehaal te voel as ander mense vir ons kom sê dat die Here met hulle gepraat het nie. Vir iemand wat naby aan die Here leef omdat die Here hom en haar liefhet, is dit normaal om te sê dat die Here met hom en haar gepraat het.

Wat staan my en jou te doen as ons nog nie by hierdie punt is om so te sê nie? Wel, van een ding kan ek jy verseker wees: die Here het van sy kant af ’n baie intieme verhouding met ons. Dit is immers omdat Jesus en sy Vader deur die Heilige Gees in ons woon dat ons kan glo in Jesus. Maar nie almal van ons leef van ons kant af net so intiem met die Here saam nie. Die Here wil nie hê ons moet maar daarmee tevrede wees nie, daarom moet ons ook nie gerus word daarmee nie. Laat ons dan aanhoudend die Here smeek om sy genade en vir die werk van die Heilige Gees in ons sodat ons almal ywerig sal wees om die Here se stem te hoor.

Geliefdes, ons het die versekering dat Jesus, ons goeie Herder, ons roep en met ons praat vanuit die Bybel. Maar Jesus se stem is nie die enigste stem wat ons hoor nie. Daar klink baie stemme op wat graag die skape van die Here van Hom af wil weglok en steel. En dit is nie net mense wat maar nog ’n wankelrige verhouding met die Here het wat weggelok word nie. Dit gebeur ook dat mense, wat ons ken as ernstige gelowiges, mense van wie ons weet dat hulle erns maak met hulle verhouding met die Here, deur die geraas oorrompel word.

Van watter geraas praat ons? Wel, daar is verskeie stemme wat ’n geraas maak. Daar is die geskreeu wat, as ’n mens dit hoor, jy sommer dadelik weet dat jy agter daardie stem nie kan aangaan nie. Daardie stem praat van dinge wat beslis nie ooreenkom met wat die Here vir ons sê nie. Dit is ’n stem wat sê dat dit nie so erg is om ’n paar drankies by ’n partytjie te drink nie, terwyl jy weet jou ouers sal dit nie wil sien gebeur nie. Dit is ’n stem wat vir jou sê dat dit geregverdig is om boosaardig kwaad te wees en lelike dinge vir iemand toe te wens wat jou verkleineer. Geliefde kinders, iemand wat gevoelig is vir die stem van die Here, sal sommer dadelik besef dat hierdie geskreeu ’n vyand se stem is. Ons Here skree nie op ons nie.

Toe Elia gevlug het omdat koningin Isebel hom wou doodmaak, het die Here ook met hom gepraat. Dit was nie in ’n baie sterk wind, of in die aardbewing of in die vuur wat Elia die Here gehoor het nie,

maar in die fluistering in ’n windstilte. In ’n fluistering het die Here met Elia gepraat. Ons Here Jesus skree nie op sy skape nie. Hy roep hulle elkeen op die naam en Hy roep mooi, soos iemand wat regtig lief is vir sy mense.

Soms gebeur dit dat ’n mens eers iemand sien en die voorkoms van die persoon stoot jou nie af nie. Inteendeel, die persoon is vriendelik en bedagsaam. Sy voorkoms nooi jou om te luister, want hy lyk dan soos iemand wat deur die Here gestuur is. Maar wanneer hy sy mond oopmaak en praat, skrik die klank van sy stem jou sommer af. Jesus waarsku ons hieroor in Openbaring 13. Hy sê dat die dier uit die aarde, een van die Satan se pelle wat die gelowiges wil vernietig, net soos ’n lam sal lyk, maar hy sal soos ’n draak praat. Daarom moet ons onsself nie laat flous deur iemand se voorkoms of mooi woordjies nie. Wat iemand ook al sê, moet ons maar altyd toets aan wat die Here vir ons in sy Woord sê. As dit nie ooreenstem met wat die Gees van die Here Jesus ons leer nie, moet ons weet dat die Gees van God nie in daardie mens aan die werk is nie. Net so moet julle ook die woorde wat ek preek aanhoudend toets aan die Woord van God. Predikant wees beteken nie dat alles wat ek sê altyd honderd persent reg sal wees nie.

Die moeilikheid is dus nie altyd net dat daar ’n skelm op ’n ander manier in die kraal inklim om van die skape te kom steel nie. Die moeilikheid is dat die skelm op ’n ander plek staan, en met tegnologie en slim redenasies in koerantartikels of uit vooraanstaande mense se monde soms dinge sê wat op die klank af nie sleg klink nie. Dit klink Christelik. En dit is agter hierdie sogenaamde Christelike klank aan wat sommige skape self uit die kraal uitklim. Die stem van die Here wat hulle in hulle ouerhuis gehoor het of wat hulle hier in die erediens hoor, staan hulle nie meer aan nie.

Broers, susters en kinders, van hoeveel mense weet ons wat al hier by ons uit die kraal uitgeklim het. En wat het ons daaraan gedoen? Oor sommiges wat uitgeklim het, was ons miskien dankbaar bly. Maar dit is ’n skande, ’n vlek op ons as ons so oor hulle gevoel het. Mag die Heilige Gees ons van so ’n gevoel bekeer en mag die Here ons daarvoor vergewe. Daar is sommiges met wie ons weer praat, weer die stem van die Here laat hoor en ons bid dat die Heilige Gees hulle weer gevoelig sal maak vir ons goeie Herder se stem. Maar die hartseer, geliefdes, is dat baie van die skape wat uit hierdie kraal van die Here geklim het jong mense is. Kom ons hou aan bid dat die Here hulle weer sal terugbring na Hom toe. En as jy ’n ouderling of diaken is wat van so ’n skaap weet, gaan gesels met hom of haar. Laat hulle weer die goeie Herder se stem hoor.

Daar is baie stemme in die wêreld. Mag die Heilige Gees ons ore so instel dat ons bokant die geraas uit die kalm stem van ons goeie Herder kan bly hoor. En mag die Heilige Gees ons by ons goeie Herder hou sodat ons nie agter die leuenpraatjies van die wêreld aanloop nie.

Nou is daar ook stemme wat spottend en verkleinerend na ons as kerk van die Here verwys. Daar is stemme wat vra hoe ons in ’n God kan glo wat sy eie Seun wreed aan ’n kruis laat sterf oor mense se sondes. Daar is ook stemme wat skellend sê dat wat met Jesus gebeur het ’n groot tragedie was. Op hierdie stemme kan ons maar net sê: Luister wat sê ons goeie Herder self. Hy het die volmag om sy lewe vir sy skape af te lê en Hy het die volmag om sy lewe weer op te neem. Wat met Jesus gebeur het was nie ’n tragedie nie maar sy offer vir ons lewens omdat Hy ons wil red. En Hy het dit gedoen in opdrag van sy Vader. God ons Vader het uit liefde vir ons sy Seun die straf laat dra op die sonde, want Hy weet ons kan dit nie self dra nie.

Dan, geliefdes, is daar ook stemme wat ons aan die twyfel wil kry oor die goedheid van ons Herder. Hierdie stemme sê: Hoe kan julle vir Jesus volg as die pad waarop Hy julle lei so vol hartseer en verdriet is? Hoe kan julle sê dat die Here goed is as Hy nie julle sterwende kind wil gesond maak nie? Hoe kan die Here goed wees as Hy ’n hele dorpie en 18 000 mense daarmee saam in Japan met een vloedgolf wegvat? Wanneer ons hierdie twyfelvrae hoor en self deur twyfel oorweldig wil word, is dit die Heilige Gees wat ons weer herinner aan wat ons goeie Herder gesê het. Om Hom te

volg beteken nie dat ons nooit hartseer sal beleef nie. Dit beteken ook nie dat ons altyd sal verstaan wat die Here met ons doen nie. Maar Hy bring ons telkens weer terug tot by die kruis en sê vir ons: Hier het Ek vir jou gesterf omdat Ek jou liefhet. Ek sal dit nooit vergeet nie, want elke keer as Ek na my hande en voete kyk, sien Ek die merke wat vertel van my liefde vir jou. Daarom is die kruis van Christus vir ons so belangrik. Daar herinner die Here ons aanhoudend van sy onsterflike liefde vir ons.

Geliefdes, ons sluit af. Ons is nie agtergeblewenes wanneer dit kom by die hoor van die Here se stem nie. Ons is bevoorreg om die Here se stem ook te kan hoor. Ons goeie Herder sal ons nie mislei wanneer Hy sê ons Hom moet volg nie. Die pad waarop Hy ons lei, is nie altyd so ’n rustige en kalm pad nie, maar ons het die sekerheid dat Hy die hele tyd by ons is wanneer ons in die lewe geskommel word. Ons bid dat die Heilige Gees ons ore ingestel sal hou op die kalm en rustige stem van ons Here sodat ons nie agter verleidelike stemme en geraas sal aanloop nie.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 11-1: 1, 10, 11 (22:1, 10, 11)

Troos, troos my volk, sê God die HERE; / dreig nou nie meer met oordeelstem,
genees die wond, o sienerherder, / die hartseer van Jerusalem.

Meld die verwoeste dogter-stede: / Hier is jul God! Die sterke is Hy!
Al voor Hom uit gaan sy beloning, / sy hoë arm voer heerskappy.

Hy lei sy kudde soos ’n herder, / die lammers sluimer in sy arm,
die lammerooie dryf Hy saggies – / oor almal sal Hy Hom erbarm!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 Januarie 2012